HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 102 van 2026**

16 September 2026

Geagte Matriekouer/-voog

## MATRIEKAFSKEID-AANKOMSREËLINGS

Ons is vreeslik opgewonde vir eerskomende naweek se matriekafskeid! Hiermee die ordereëlings vir die aankoms by die matriekafskeid.

**INGANGS- EN TOEGANGSREËLINGS:**

**Die matrikulante is in tien tydgleuwe gedeel:**

1. Van 16:15 – 16:30
2. Van 16:30 – 16:45
3. Van 16:45 – 17:00
4. Van 17:00 – 17:15
5. Van 17:15 – 17:30
6. Van 17:30 – 17:45
7. Van 17:45 – 18:00
8. Van 18:00 – 18:15
9. Van 18:15 – 18:30
10. Van 18:30 – 18:45

Elke leerder het self hul aankomstye gekies en ons vra mooi dat u hul sal help om streng by hul tye te hou. 'n Roetekaart is hierby ingesluit om met tydsbeplanning te help. Laat genoeg tyd vir fotosessies vooraf en verkeersligte wat nie werk nie, wat vervoer kan vertraag. Die rooi tapyt is voor die sportsentrum.

**REËLS VIR AANKOMS VAN MATRIKULANTE:**

- Slegs voertuie mag die terrein binnekom. GEEN perde/donkies/kamele/helikopters, ens. sal toegelaat word nie.
- Slegs een motor per paartjie word toegelaat (behalwe waar vooraf reëlings getref is).
- Maak asseblief seker julle is betyds en in die regte tydgleuf. Indien jy jou tydgleuf met meer as 15 minute mis, gaan ons versoek dat jy agter in die ry inval.
  **NB: As jou aankomstyd 17:00nm is, moet jy reeds 17:00nm by die skool wees, nie 17:00nm agter in die tou wees nie, beplan dus jou tyd mooi.**

- Die ingang is by die Vodacom hek (B-veld). Volg die pad wat al langs die "astro" afgemeet is. Die gr. 11's sal die voertuie voor die klubhuis stop en dan sistematies na die aflaaipunt vir die rooi tapyt verwys.
- GEEN harde musiek mag gespeel word nie, want dan kan die aankondiging van leerders nie gehoor word nie.
- Slegs voertuie met matrieks binne-in sal toegelaat word.
- Matrikulante en hul metgeselle moet tot by die aflaaipunt in die voertuig bly.
- Meisies moet asseblief aan die linkerkant van die voertuig sit.
- Nadat matrikulante/gaste uitgeklim het, sal die fotograaf aandui waar die persone vir een aankomsfoto saam met die voertuig moet staan. Geen addisionele versoek of variasies kan óf sal geakkommodeer word nie. Almal wat in die voertuig arriveer, word eenmalig saam met die voertuig afgeneem.
- Die voertuig moet onmiddellik verwyder word. Reël asb. vooraf met iemand om die voertuig te verwyder. Indien die komitee opmerk dat foto's 'n oponthoud veroorsaak, sal die foto's by die voertuig gestaak word en na die rooi tapyt aankomsarea skuif.

**REËLINGS VIR MATRIEKOUERS/ -VOOGDE:**

- Ouers parkeer in die dienspad en stap deur die *Vodacom* hek. Daar gaan sekuriteit in die dienspad wees. Neem kennis dat die hoofhek toe gaan wees.
- Die rooi tapyt is voor die sportsentrum.
- Die skool se stoele en paviljoene sal langs die rooi tapyt uitgepak wees en dit is die enigste area waar die ouers moet wag. Moet asseblief geensins oor die rooi tapyt beweeg nie, aangesien u dan in die pad sal wees wanneer ander leerders foto's neem en ook in die pad van die lewendige uitsending sal wees.
- Ons vra ook dat ouers nie na die skool se voortuinarea en Atrium sal beweeg nie. Matrieks geniet hulle welkomdrankies en *canapès* hier, geen ouers en geen deurloop. Hier sal wel duidelike versperrings en gr. 11's wees om die korrekte roetes aan te dui; respekteer dit asseblief.
- Die aankoms sal lewendig uitgesaai (ge-*stream*) word sodat alle ander belangstellendes kan kyk. Die skakel sal ook die Vrydag voor die matriekafskeid op die matriekgroep geplaas word. U kind moet dus die skakel met u deel.
- Voertuie waarmee die matrieks later die aand huis toe gaan, kan in die matriekparkering stop. Daar sal sekuriteit wees en 'n persoon om vir hulle oop te maak.
- Daar sal 'n koffiewaentjie wees indien u iets wil drink terwyl u wag.

Indien u enige navrae het, kontak asseblief vir Mev. Ria Hoar by ontvangs@hsrandburg.co.za

Ons maak staat op u samewerking en sien uit na 'n onvergeetlike matriekafskeid.

Vriendelike Randjiegroete

R. Hoar
Organiseerder

P. Booysen
Skoolhoof